**3 Februarie**

## Doen alles in afhanklikheid van die Here

**Skrifgedeelte: Psalm 127**

Psalm 127 is deur koning Salomo geskryf. Salomo se twee grootste take as koning van Israel was die oprigting van die tempel en die bewaking van die koningstad, Jerusalem. Salomo, ’n wyse man, het besef dat hy vergeefs bou en bewaak as hy dit nie in afhanklikheid van die Here doen nie.

Net soos Salomo moet ons ook alles in ons lewens in afhanklikheid van die Here doen. Op die sportveld, in die klaskamer, alleen by die huis, tussen my vriende, in my gemeente, orals waar ek gaan en alles wat ek doen, moet ek in afhanklikheid van die Here doen. Die Here is in beheer van alles wat ons doen. As ons dit in afhanklikheid van die Here doen, doen ons dit nie tevergeefs nie, want sy seën is só ryk dat dié wat Hy liefhet, dit selfs in hulle slaap ontvang.

Die Here deel seëninge na sy goeddunke uit. Kinders is geskenke van God (vs 3 – “kinders word deur Hom gegee”). Hoekom is die jeug vir God dan so belangrik? Omdat hulle in die stryd moet tree om die gelowiges se werk op aarde te kan voortsit. Wat is hierdie werk? Om alle mense van Jesus Christus, ons Verlosser, te vertel en hulle sy dissipels te maak (Matt 28:19). Ons moet dit egter in afhanklikheid van die Here aanpak en die Heilige Gees vra om ons sterk te maak sodat ons hierdie groot opdrag kan uitvoer.

*Sing: Psalm 127:1-4* *Teologiese Student Fritz Potgieter*